# VERTRAAG DEUR AANSTOOT

**VIVIEN JONCK 01/07/ 2018**

## 1. AANSTOOT IS SATAN SE LOKAAS

**1.1.** Satan het een lokaas - aanstoot.

**1.2.** Die woord aanstoot in Engels "offended" kom van die Griekse word "Skandalon" wat beteken om te verstrik.

**1.3.** Die lokaas van aanstoot is deel van die strik wat Satan vir ons stel.

**Spreke 1:17 "Wanneer 'n voël sien daar is vir hom 'n wip gestel, dan vlieg hy mos weg"**

**1.4.** Aanstoot is 'n struikelblok wat ons in ons verhouding met God laat struikel.

## 2. AANSTOOT IS ONVERMYDELIK

**2.1.** Daar is geen manier om aanstoot te vermy nie.

**Lukas 17:1 "Jesus het aan Sy dissipels gesê :"Dit is onmoontlik dat dinge wat mense laat struikel , nie oor hul pad kom nie. Groot ellende wag egter op hulle deur wie dit veroorsaak word."**

**2.2.** Ons kan nie in hierdie wêreld leef sonder om aanstoot te neem nie.

**2.3.** Die vraag is nie of ons aanstoot gaan neem nie, maar eerder hoe ons gaan reageer daarop.

## 3. HOE OM TWEE TIPES AANSTOOT TE HANTEER

**3.1.** As jy aanstoot neem teenoor God – Moet jy bely.

**3.2.** As ander mense aanstoot by jou veroorsaak – Moet jy hulle vergewe.

## 4. HOE OM AANSTOOT VAN ANDER TE HANTEER:

**Lukas 17:1-5 (NLV) "Jesus het aan sy dissipels gesê: "Dit is onmoontlik dat dinge wat mense laat struikel, nie oor julle pad kom nie. Groot ellende wag egter op hulle deur wie dit veroorsaak word. Dit is voordeliger vir sulke persone as 'n maalklip om hulle nek vasgemaak en hulle in die see gegooi word, as dat hulle vir een van hierdie geringes 'n struikelblok sou wees. "Gee ag op julleself. As jou broer aanhou sonde doen, wys hom tereg, en as hy tot inkeer kom, vergewe hom. Ook as hy sewe keer op 'n dag teenoor jou oortree, maar ook sewe keer na jou toe kom en sê: 'Ek is jammer,' moet jy hom vergewe." Die apostels het toe vir die Here gesê: "Help ons. Ons het meer geloof nodig."**

**4.1.** Ons kan nie aanstoot vermy nie, maar ons kan gereed wees daarvoor.

**4.2.** As iemand aanstoot veroorsaak, moet jy hulle vergewe.

**4.3.** Ons moet God vra vir ekstra geloof, sodat ons aanstoot reg kan hanteer.

**5. GEVOLGTREKKING:**

**5.1.** Die tyd is ryp om die nasies te dissipel en hul te leer hoe God se liefde lyk.
**5.2.** Maar voordat ons ander leer, moet ons self eers die toets slag.
**5.3.** Dis tyd dat ons Jesus se voorbeeld volg; Die EEN wat die vernedering van die kruis moes verduur en steeds sê...

**Lukas 23:34 "Vader vergewe hulle, want hulle besef nie wat hulle doen nie."**

## Markus 11: 24 -25

## Daarom verklaar Ek vir julle, alles wat julle in gebed vra ,sal julle ontvang, mits julle God daarmee vertrou. Maar wanneer jul besig is om te bid, vergewe eers enigeen teenoor vir jul 'n grief het. Dan sal julle Hemelse Vader ook julle oortredings vergewe.

**Gesprek Gits**
**VERTRAAG DEUR AANSTOOT**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Het jy al in die strik van aanstoot getrap? Het jy die mense vergewe wat die aanstoot veroorsaak het?
2. Het jy al ooit aanstoot geneem teenoor God? Het jy al bely?
3. Hoe het die lokaas van aanstoot al "versnelling" in jou lewe vertraag?